

SA toon tekens van vermoedheid om vlugteling, asielsoekers te beskerm

Callixte Kavuro*

Die benarde posisie van miljoene misplaasde mense is nie altyd 'n top prioriteite vir regerings wêreldwyd nie. Daarom is dit gepas dat [Wêreldvlugtelingdag](#) jaarliks op 20 Junie gehou word om bewustheid te skep van die uitdagings wat hierdie mense moet trotseer.

Die Suid-Afrikaanse regering het die afgelope dekade tekens van tamheid begin toon wanneer dit kom by die beskerming van individue wat in die land kom asiel soek. Die land ignoreer die verbintenisse en beloftes wat in die [Wet op Vlugteling, 1998 \(Wet 130 van 1998\)](#) verskans is en wat in 2000 in werking getree het.

Verskeie binnelandse en internasionale organisasies, insluitende die [Verenigde Nasies se Hoëkommissaris vir Vlugteling](#), het vir 'n redelike lang tyd hierdie stuk wetgewing as die mees progressiewe in die wêreld opgehemel. Die wet is geloof omdat dit ten doel gehad het om vlugteling by die Suid-Afrikaanse samelewing te integreer en om aan hulle dieselfde konstitusionele sosio-ekonomiese beskerming as vir landburgers te bied.

In 'n onlangse [akademiese artikel](#) toon ek hoe die regering homself van sy verbintenis en belofte distansieer om vlugteling en asielsoekers as sy eie mense in te neem en te beskerm. Hierdie tipe skuif kan aan die wêreldwye neiging van asielvermoedheid gekoppel word. Dit word vererger deur toenemende kommer dat ekonomiese migrante die asielstelsel gebruik om Suid-Afrika binne te kom om toegang tot basiese dienste en werksgeleenthede te bekom wat 'n moontlike bedreiging van die bewaring van nasionale belange, insluitende nasionale hulpbronne, nasionale sekerheid en openbare veiligheid inhou.

Suid-Afrika se asielvermoedheid is juis veral in die wysigings aan die bogenoemde Wet op Vlugteling duidelik. Die regering wil dit met hierdie wysigings vir individue wat vervolging ontvlug en asiel soek om die land binne te kom, moeilik of selfs onmoontlik maak om toegang tot die land se nasionale hulpbronne te verkry en om die vlugtelingregte wat – weens die universele aard daarvan – in die Handves van Regte verskans is, te geniet. Ons flous onself as ons dink dit gaan daarvoor om gapings en tekortkomings in die beskerming wat die Wet bied, te oorbrug.

Ten slotte ...

Brian Tamanaha Van die Washington-universiteit se Regskool [redeneer](#) daar is sekere fundamentele reëls van sosiale verkeer wat as riglyne vir 'n spesifieke samelewing, gemeenskap of groep dien om lewensvatbaar te wees of om te oorleef. Hierdie fundamentele reëls, wat blykbaar met die menslike natuur en die behoefte aan selfbehoud verband hou, spruit uit die selfbelange en ook die onbaatsugtigheid van mense en ontwikkel in hierdie konteks.

Omdat mense van 'n sekere gemeenskap of groep verstaan dat daar beperkte hulpbronne is om in hul basiese behoeftes te voorsien, word hulle onvriendelik teenoor buitestaanders en wil hulle nie met hulle meeding vir hierdie hulpbronne nie. Soos Tamanaha dit so duidelik stel, is hierdie begeertes in selfbelang die vonk of motivering vir die behoefte om persoonlike, gemeenskaplike of nasionale hulpbronne te beskerm. Dit is binne hierdie konteks dat vlugtelingbeskerming in Suid-Afrika geleidelik krimp. Die regering strewwe weens asielvermoedheid slegs daarna om nasionale hulpbronne vir die geluk van burgers te preserveer en te beveilig, terwyl dit vlugteling en asielsoekers in die steek laat.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Callixte Kavuro is 'n postdoktorale navorsingsgenoot in die Departement Publiekreg aan die Universiteit Stellenbosch.**